

**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT****NO. R. 966****06 SEPTEMBER 2017****MAINTENANCE ACT, 1998 (ACT NO. 99 OF 1998)  
REGULATIONS RELATING TO MAINTENANCE: AMENDMENT**

The Minister of Justice and Correctional Services has, in consultation with the Minister of Finance, under section 44 of the Maintenance Act, 1998 (Act No. 99 of 1998) made the regulations in the Schedule.

**SCHEDULE****Definitions**

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 1361 of 15 November 1999, as amended by Government Notice No. R. 1099 of 3 November 2006.

**Amendment of regulation 5 of Regulations**

2. Regulation 5 of the Regulations is hereby amended by—
- (a) the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:
- "(a)(i) the allowances as prescribed from time to time for the Public Service if he or she is obliged to be absent for longer than 24 hours from his or her residence or place of sojourn; or
- (ii) the reasonable actual expenses incurred if he or she is obliged to be absent from his or her residence or place of sojourn for less than 24 hours, if the necessary corroborative documents accompany the claim to the satisfaction of the maintenance officer, or to the expenses as prescribed from time to time for the Public Service:  
Provided that the allowances provided for in subparagraphs (i) and (ii) are payable for the full period for which he or she is absent from his or her residence or place of sojourn for purposes of attending the enquiry."; and
- (b) the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:
- "(d) Whenever suitable public transport is not available and a person against whom a maintenance order may be made makes use of his or her own or hired transport to attend the enquiry, he or she is entitled to a transport allowance as prescribed from time to time for the Public Service."

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

NO. R. 966

06 SEPTEMBER 2017

**WET OP ONDERHOUD, 1998 (WET NO. 99 VAN 1998)  
REGULASIES TEN OPSIGTE VAN ONDERHOUD: WYSIGING**

Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste het in oorleg met die Minister van Finansies, kragtens artikel 44 van die Wet op Onderhoud, 1998 (Wet No. 99 van 1998) die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE****Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1361 van 15 November 1999, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. R. 1099 van 3 November 2006.

**Wysiging van regulasie 5 van Regulasies**

2. Regulasie 5 van die Regulasies word hierby gewysig deur—
- (a) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
- "(a)(i) die toelaes soos van tyd tot tyd vir die Staatsdiens voorgeskryf indien hy of sy genoodsaak is om 24 uur of langer van sy of haar woonplek of die plek waar hy of sy vertoef afwesig te wees; of
- (ii) die redelike werklike uitgawes aangegaan indien hy of sy genoodsaak is om minder as 24 uur van sy of haar woonplek of die plek waar hy of sy vertoef afwesig te wees indien die eis, tot die bevrediging van die onderhoudsbeampte van die nodige stawende dokumente vergesel gaan, of op die uitgawes soos van tyd tot tyd vir die Staatsdiens voorgeskryf:
- Met dien verstande dat die toelaes in paragrawe (i) en (ii) voor voorsiening gemaak, betaalbaar is vir die volle tydperk waarvoor hy of sy afwesig is van sy of haar woonplek of die plek waar hy of sy vertoef vir doeleindes van die ondersoek."; en
- (b) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:
- "(d) Indien gepaste openbare vervoer nie beskikbaar is nie en 'n persoon teen wie 'n onderhoudsbevel gemaak kan word, van sy of haar eie of gehuurde vervoer gebruik maak om die ondersoek by te woon, is hy of sy geregtig op die vervoertoelae soos van tyd tot tyd vir die Staatsdiens voorgeskryf.".